Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: EK IS RYK, MAAR SONDER VRIENDE**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 24 September 2015]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • (Na) Markus Persson (aanvaar ook slegs naam/van)<br>• (Na) die skepper van die Minecraft-speletjie<br>• (Na) die persoon oor wie die leesstuk handel<br>• (Na) die persoon wie se foto in die artikel verskyn<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.2 | • D<br>• dit finansieel beter met jou as met ander mense gaan.<br>• D dit finansieel beter met jou as met ander mense gaan.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.3 | • "enorme bedrag"<br>• "R30 biljoen"<br>• "klomp witbrode"<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.4.1 | konnotatief | 1 | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.4.2 | • Die aanhalingstekens by "kasteel-huis" dui aan dat dit nie werklik ŉ kasteel is nie.<br>• Dit is nie werklik/(letterlik) ŉ kasteel nie.<br>• Die huis is so groot/luuks soos ŉ kasteel.<br>• Dit dien slegs as ŉ metafoor.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.5.1 | • Die skrywer/Samantha/Luiz (se mening/dink so).<br>• Die meeste lesers sal so kan dink.<br>• Mense oor die algemeen dink so.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.5.2 | "Dis mos die lewe" beteken ŉ wonderlike lewe /dinge van ŉ wonderlike lewe, soos rykdom, ŉ groot huis, partytjies,<br>maar<br>Markus is nie gelukkig nie/is baie alleen/ontevrede/het niemand wat hom liefhet nie.<br>(IRONIE: Beide kante moet gegee word. 2 punte of 0.) | 2 | 3 |
| 1.6 | Iemand soos Markus het die volgende probleme met vriende:<br>• Jy/Hy/Sy weet nie altyd wie jou/sy/haar (regte) vriende is nie.<br>• Jou/Sy/Haar/ (ware) vriende word al minder.<br>• Jy/Hy/Sy beleef dat mense net jou/sy/haar vriende wil wees omdat jy/hy/sy geld het.<br>• (Werkende) vriende is nie altyd beskikbaar nie.<br>• Jou/Sy/Haar "vriende" op sosiale media is nie werklik vriende nie./ken hom nie eintlik nie.<br>• "En omdat jy so baie het, raak jou regte vriende minder, ..."<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.7 | • verveeld/doelloos<br>• eensaam/alleen<br>• depressief/mismoedig/ongelukkig/ontevrede<br>• "Tog het ek nog nooit so eensaam gevoel nie, ..." (aanhalingstekens hier noodsaaklik)<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.8 | • Markus kla te veel./Hy lug sy ontevredenheid te veel.<br>• Markus kla te maklik/onnodig.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 1.9 | Die joernaliste:<br>• maak stories op/kry nie hul feite reg nie/skryf leuens.<br>• "snuffel" nuus op Twitter uit.<br>• Hulle is nuuskierig./"Julle klomp nuuskierige nuushonde snuffel op Twitter en maak dan stories op." (Die hele sin of enige van die drie dele van die sin kan aangehaal word.)<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.10 | snuffel | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.11 | Markus se pa het:<br>• aan dwelms verslaaf geraak.<br>• selfmoord gepleeg./homself (in die kop) geskiet.<br>• van Markus se ma geskei.<br>(Enige TWEE dinge) | 2 | 2 |
| | | | |
| 1.12 | • (Markus se suster was waarskynlik ook ongelukkig), want sy het van die huis weggeloop.<br>• (Markus se suster was waarskynlik ook ongelukkig), want sy was verslaaf aan dwelms.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.13.1 | • Markus se pa het vir Markus sy eerste rekenaar gekoop (toe hy sewe was). (Aanhaling is aanvaarbaar.)<br>• Markus se pa het hom aan rekenaars bekendgestel.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13.2 | • Markus se ma het sy belangstelling in rekenaars aangemoedig.<br>• Markus se ma het 'n voorbeeld gestel deur hard te werk. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.14 | "skaam"<br>(EEN woord) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.15 | • Hy het (wilde) partytjies vir mense gehou.<br>• Tydens sy partytjies was daar 'n groot muur vol lekkergoedhouers.<br>• Markus het sy personeel bederf.<br>(Enige TWEE)<br>OF<br>Kandidate mag enige TWEE voorbeelde oor hoe Markus sy personeel bederf het, as antwoord gee.<br>Hy het sy personeel:<br>o (vir drie dae) Monte Carlo toe geneem.<br>o luuks/met privaatstralers/met sportmotors (na Monte Carlo) vervoer.<br>o bonusse/R40 miljoen gegee.<br>o sjampanje op 'n groot seiljag gegee.<br>(Enige TWEE) | 2 | 3 |
| 1.16.1 | • A<br>• Geld wat stom is, maak reg wat krom is.<br>• A Geld wat stom is, maak reg wat krom is.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.16.2 | • Geld kon nie Markus se probleme oplos nie.<br>• Geld kon nie Markus se eensaamheid/pa se dood/suster se wegloop/soeke na liefde/ware vriende wegneem nie. (m.a.w. enige voorbeeld van probleme in sy lewe kan as antwoord aangebied word.)<br>• Markus het steeds sy probleme gehad (ten spyte van sy geld).<br>• Geld kan nie geluk/liefde koop nie.<br>(Enige EEN, maar punt word slegs toegeken as 1.16.1 korrek is.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.17 | (Paragraaf) 4 | 1 | 5 |

**TEKS B: OM SKOTTELGOED TE WAS, IS GOED VIR STRES**
[Verwerk uit *Die Burger*, 8 Oktober 2015]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.18 | Na die (vrou se) man/pa en twee kinders/die boetie en die sussie/Na die (drie) mense om die tafel | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.19 | kwaad/vies/boos/die duiwel in/woedend.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20 | stereotipering | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.21.1 | • Die meisie/dogter/sussie<br>• Die seun/boetie<br>• Die kinders<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.21.2 | • Die meisie: sy hou die brood vas./sy is selfsugtig.<br>• Die seun: hy het 'n aanvallende houding/hy wou miskien sy vurk in die brood steek./Hy het iets gedoen en nou wil die sussie hom terugkry deur die brood te gryp.<br>• Die kinders: hulle stry en die pa raas met hulle.<br>(Enige EEN Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.22 | Ja<br>• As 'n gesin (saam) skottelgoed was, word die stres minder.<br>• Om skottelgoed te was (indiwidueel of saam), help om verhoudings te bou/mekaar te leer verstaan.<br>• Die gesin doen (saam) 'n goeie ding/skep (saam) orde/ verbeter saam die situasie.<br>**OF**<br>Nee<br>• Skottelgoed kan tot groter konflik lei.<br>• Soms wil mense alleen skottelgoed was.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 2**

**TEKS C: Hoofgedagtes vir ʼn uitstaande CV**

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Dikwels doen verskillende mense aansoek om dieselfde pos. Daarom is dit belangrik dat jou CV baie goed moet wees om bo die res uit te staan. **Dis eerstens belangrik om seker te maak dat jy al die noodsaaklike inligting** (soos persoonlike inligting, opleiding, vaardighede, ervaring en referente) **in jou CV noem**. | 1 | Sluit alle noodsaaklike inligting (by jou CV) in. |
| **ʼn Suksesvolle CV word professioneel aangebied**. Dit beteken dat jy jou inligting moet groepeer en skoon, wit ongekreukelde papier en ʼn A4-koevert moet gebruik. Onthou: jy wil hê die mense moet ten minste jou CV lees. | 2 | Bied jou CV professioneel aan. |
| **Wees daarom kreatief met jou CV**. Voorbeelde van kreatiwiteit is die byvoeging van ʼn gesigsfoto en die gebruik van verskillende lettertipes. As jou CV net so ʼn bietjie anders lyk, sal mense dit wil lees. | 3 | Bied jou CV op ʼn kreatiewe manier aan./Laat jou CV anders lyk. |
| Werkgewers kry baie CV's om te lees en daarom moet joune **kort en kragtig wees sonder irrelevante inligting**. Jou CV moet byvoorbeeld nie langer as twee A4-bladsye wees nie. | 4 | Jou CV moet kort wees./Gee net relevante inligting. / Vermy irrelevante inligting. / Jou CV moenie langer as twee A4-bladsye wees nie. |
| Onthou: enige persoonlike of akademiese inligting kan vandag maklik gekontroleer word. **Jy mag daarom nooit in jou CV jok nie**. As enige inligting in jou CV nie waar is nie, kan jy van bedrog aangekla word en dan kan jy ʼn kriminele rekord kry. | 5 | Wees eerlik in jou CV./Moenie in jou CV jok nie. |
| **Dit bly belangrik om in jou CV aan te dui wie jou referente is**. Voorbeelde van referente is: jou kerkleier, ʼn onderwyser of gemeenskapsleier. ʼn Mens leer altyd nuwe vaardighede by. | 6 | Dui referente op jou CV aan. |
| **Jy moet dus dwarsdeur jou lewe jou CV op datum hou.** [Verwerk uit *Mail and Guardian* en *Die Burger*] | 7 | Hou (altyd) jou CV op datum. (69 woorde) |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit www.taalmuseum.co.za]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | TAAL/Taal/taal | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.2 | • A<br>• assonansie maak dit klankryk.<br>• A assonansie maak dit klankryk.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.3 | internasionale | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | beste | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.5.1 | verniet/pasella/mahala | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.5.2 | gebraaide | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6 | blitsvinnig | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.7 | jy/'n mens | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.8 | • Mense wat lief is vir taal/kultuur.<br>• Mense wat lief is vir Afrikaans.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.9 | • Die mense lyk ernstig/glimlag nie.<br>• Dit lyk nie asof die mense pret en plesier het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 6 |
| | | | |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit arcamax.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Daar is strepies/stoom/rook by die motor.<br>• Die motor (se voorkant/agterkant) is opgefrommel.<br>• Die motor is stukkend.<br>• Die toestand van die motor (wys dit).<br>• Die blare/blomme val uit die boom.<br>• Daar is (stof)wolkies om die motor.<br>• Die motorligte (is aan weerskante van die boom)./Hy ry in die boom (in).<br>• Die syspieëltjie (hang).<br>• Die wiele (is gebuig/hang in die lug).<br>(Enige TWEE) | 2 | 3 |
| | | | |
| 4.2 | u/Mevrou/Juffrou/Dame/Meneer (kleinletters en hoofletters moet reg wees) | 1 | 5 |
| | | | |
| 4.3 | veralgemeen | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.4 | Hik/hik | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.5 | Mavis sê dat sy/hy ✓nooit drink en bestuur nie.✓ | 2 | 3 |
| | | | |
| 4.6 | kroeg/drinkplek/oog/sjebien/smokkelhuis/kantien/taverne/bierhuis | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.7.1 | Die konstabel verstaan/interpreteer dat jy nie mag bestuur as jy gedrink het nie/drank in het nie/**nadat** jy gedrink het nie/onder die invloed is nie. | 1 | 4 |
| 4.7.2 | Mavis verstaan dat sy nie drink **terwyl** sy bestuur nie. | 1 | 4 |
| | | | |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

**VRAAG 5**

**TEKS F: TYDSKRIFARTIKEL: Wil jy leer om beter te kommunikeer**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 28 Maart 2013]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Wil jy leer om beter te kommunikeer? (onderstreping uit) | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2 | kommunikasie | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.3 | goeie (antwoord mag ook in 'n sin wees, maar dan elke woord in die sin reg gespel wees) | 1 | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.4 | • Verbeter (so) jou sosiale verhoudings met ander mense (so)!/.<br>• Jy moet (so) jou sosiale verhoudings met ander mense (so) verbeter./! (Die woord "so" moet in die antwoord wees.)<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.5 | eerste | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.6 | • Die man slag die bok af.<br>• Die boom val met 'n harde slag om.<br>• Sy het 'n slag met klein kindertjies.<br>• Ek het 'n goeie slag geslaan toe ek dit so goedkoop gekry het.<br>• Sy dood was 'n groot slag vir die gesin.<br>• Borsslag is my beste slag.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.7 | wat | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.8 | paadjie | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.9 | Jy moet diep asemhaal sodat jy (kan) kalm (kan) raak. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10 | Jou lyftaal sal ook baie negatief wees. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.11 | Jy behoort oogkontak te maak as iemand anders praat. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.12 | kyk | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.13 | jonger | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.14 | nl. | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[14]** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**TEKS G: PRENT**
[Uit gallery.yopriceville.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | Denk vlak (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 5.15.1 | skoolloopbaan | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.2 | glo | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.3 | aardbol | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.4 | aan | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.5 | My onderwyser | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.6 | graad | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[6]** | |

| |
|---|
| **TOTAAL VIR AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |

Kopiereg voorbehou